
'n Myl in die skoene van... Gideon:
Gereed vir die Roeping

# Rigters 6:11-27

11Die Engel van die Here het onder die
eikeboom in Ofra kom sit. Dit het aan Joas van
die Abiëserfamilie behoort. Sy seun Gideon was
besig om onder op die vloer van ’n parskuip
koring uit te slaan. Hy het daar vir die
Midianiete weggekruip. 12Die Engel van die
Here het toe aan hom verskyn. Hy het vir hom
gesê: “Die Here is by jou, dapper man!”

# Rigters 6:11-27

13“Meneer,” het Gideon vir hom gesê, “as die
Here wel by ons is, waarom gebeur al hierdie
dinge met ons? Waar is al die wonderlike dinge
wat Hy gedoen het waarvan ons voorouers ons
vertel het? Hulle het vertel: ‘Die Here het ons uit
Egipte bevry.’ Maar nou het die Here sy rug op
ons gedraai. Hy het ons uitgelewer aan die mag
van die Midianiete.”14Die Here het toe na
Gideon toe gedraai en vir hom gesê:

# Rigters 6:11-27

Gaan met hierdie krag wat jy het en gaan bevry
die Israeliete uit die mag van die Midianiete! Ek
stuur jou.”15Maar Gideon sê vir Hom:
“Verskoon my, Meneer, maar hoe kan ek Israel
red? My familie is een van die swakstes in
Manasse. Ek is die onbelangrikste lid in my pa
se familie.”16 “Ek is dan saam met jou!” het die
Here vir hom gesê. “Jy sal al die Midianiete
verslaan asof jy net teen een man veg.”

# Rigters 6:11-27

17Gideon het vir Hom gesê: “As ek U nog net
een ding kan vra: Gee tog vir my ’n teken
waardeur ek seker kan wees dat dit U is, Here,
wat met my praat! 18Moet asseblief nie van hier
af weggaan voordat ek na U teruggekom het
om my offer hier voor U te kom neersit nie.” Die
Here sê toe: “Ek sal hier vir jou wag tot jy terug
is.”19Gideon is terug huis toe. Hy het ’n bokkie
gaargemaak en uit sestien kilogram meel ‘n

# Rigters 6:11-27

ongesuurde brood gebak. Hy het die vleis in ’n
mandjie gepak en die sous in ’n pot gegooi. Hy
het daarmee teruggekom na die Engel onder
die eikeboom en dit daar neergesit. 20God se
Engel sê toe vir Gideon: “Vat die vleis en die
brood en sit dit op hierdie rots neer. Gooi die
sous daaroor uit.” Gideon het so gemaak. 21Die
Engel van die Here het toe met die punt van die
stok in sy hand aan die vleis en die brood geraak

# Rigters 6:11-27

Vuur het uit die rots opgevlam en die vleis en
die brood weggebrand. Die Engel van die Here
het toe verdwyn. 22Toe Gideon agterkom dat dit
die Engel van die Here was, het hy hardop
uitgeroep: “Ag tog, oppermagtige Here, ek het
dan die Engel van die Here in die oë gekyk!”
23“Dit is alles in orde,” het die Here vir Gideon
gesê. “Moenie bang wees nie! Jy sal nie sterf nie!”
24Gideon het net daar ’n altaar vir die Here gebou.

# Rigters 6:11-27

Hy het dit genoem “Die Here is Vrede”. Die
altaar is nog al die tyd daar in Ofra van die
Abiësriete. 25Daardie nag het die Here vir
Gideon gesê: “Gaan vat jou pa se tweede beste
bul, die een wat sewe jaar oud is. Breek jou pa
se altaar vir Baäl af. Kap die gewyde paal vir
Asjera daar langsaan af. 26Kom bou dan ’n
stewige altaar vir die Here jou God hier by
hierdie skans bo-op die heuwel. Offer die bul

# Rigters 6:11-27

op die altaar as ’n brandoffer. Gebruik die hout
van die Asjerapaal wat jy afgekap het.” 27
Gideon het tien mans uit sy werkers gevat en
gedoen wat die Here vir hom gesê het. Hy het
dit gedurende die nag gedoen omdat hy te bang
was vir sy eie huisgesin en vir die stad se
mense om dit gedurende die dag te doen.

# Rigters 6:11

11...Sy seun Gideon was besig om onder op die
vloer van ’n parskuip koring uit te slaan. Hy het
daar vir die Midianiete **weggekruip.** 12Die
Engel van die Here het toe aan hom verskyn.
Hy het vir hom gesê: **“Die Here is by jou,
dapper man!”**

# Rigters 6:14-15

Die Here het toe na Gideon toe gedraai en vir
hom gesê: Gaan met hierdie krag wat jy het en
gaan bevry die Israeliete uit die mag van die
Midianiete! Ek stuur jou.”15Maar Gideon sê vir
Hom: “Verskoon my, Meneer, **maar hoe kan ek
Israel red?** **My familie** is een van die swakstes
in Manasse. **Ek is die onbelangrikste** lid in my
pa se familie.”

# Rigters 6:27

27 Gideon het tien mans uit sy werkers gevat **<u>en</u>**
**<u>gedoen wat die Here vir hom gesê het</u>**. Hy
het dit gedurende die nag gedoen omdat hy te
bang was vir sy eie huisgesin en vir die stad se
mense om dit gedurende die dag te doen.

# Matt 4:19

19Hy sê toe vir hulle: “Kom hier! volg My, en Ek
sal julle vissers van mense maak.”

# n Myl in die skoene van Gideon

1. God vorm ons soos ons Hom in gehoorsaamheid volg.

# Rigters 6:13

(13)“Meneer,” het Gideon vir hom gesê, “**as die Here wel by ons is**, waarom gebeur al hierdie dinge met ons? Waar is al die wonderlike dinge wat Hy gedoen het waarvan ons voorouers ons vertel het?
(17)Gideon het vir Hom gesê: “As ek U nog net een ding kan vra: **Gee tog vir my ’n teken waardeur ek seker kan wees dat dit U is**, Here, wat met my praat!

# Romeine 8:31-32

31Wat is nou ons gevolgtrekking oor al hierdie
dinge? Dít: God is vír ons, wie kan dan teen ons
wees? 32Hy het sy eie Seun nie gespaar nie,
maar Hom oorgelewer om ons almal te red. Sal
Hy ons dan nie al die ander dinge saam met
Hom uit genade skenk nie?

# n Myl in die skoene van Gideon

1. God vorm ons soos ons Hom in gehoorsaamheid volg.

2. Op die kruis het God kla gewys dat Hy by ons is en vir ons is.

# Matt 28:19-20

19Gaan dan na al die nasies toe en maak die
mense my dissipels: doop hulle in die Naam
van die Vader en die Seun en die Heilige Gees,
en 20leer hulle om alles te onderhou wat Ek
julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die
dae tot die voleinding van die wêreld.”